HOËRSKOOL CRADOCK
BELEID & PROSEDURE
KLEREBELEID

VERANTWOORDELIKHEID	DETAIL	NAAM	HANDTEKENING	DATUM
Outeur:	Bestuur	N. Swart		4/6/25
Goedgekeur:	Voorsitter: Beheerliggaam	J Gebr		9/6/25
Goedgekeur:	Hoof	A Kitching		2/6/25
Goedgekeur:	Adjunkhoof	C.P. Snyman		03/06/2025
Goedgekeur:	Tesourier:	H.L. Kr		03/06/25
Goedgekeur:	Sekretaris:	S Rossouw		3/6/25
Goedgekeur:	Beheerliggaamlid	S Swanepoel		3/6/25
Goedgekeur:	Beheerliggaamlid	C. JV Rensburg	CJ Rensburg	2/6/25
Geverifieer	Departement: IDSO	N.G. Mabaza		11/06/25
Goedgekeur / Kontroleer	Departement	N/A	N/A	N/A

Weergawe No	Datum	Beskrywing
Hersien		
Hersien		
Hersien		
Hersien		
Hersien		

INHOUDSOPGAWE

1. Doel van beleid
2. Algemene riglyne vir alle leerders
3. Algemene skooldrag
4. Haarstyl en voorkoms
5. Sportdrag en toerusting
6. Informele drag
7. Algemeen

1. DOEL VAN DIE BELEID

Die doel van hierdie kleredragbeleid is om 'n gevoel van eenheid, trots en dissipline onder leerders van Hoërskool Cradock te bevorder. Die drag van skoolklere weerspieël die waardes en standaarde van die skool en moet altyd netjies en gepas wees.

2. ALGEMENE RIGLYNE VIR ALLE LEERDERS

- Leerders moet altyd netjies en skoon geklee wees.
- Skoolklere moet korrek en volledig gedra word.
- Geen afwykings of variasies van die amptelike skooldrag word toegelaat nie.
- Hare moet netjies en volgens die riglyne wees.
- Geen grimering, gekleurde naels of oordrewe juweliersware word toegelaat nie.
- Skooldrag moet tydens skoolure, op uitstappies en by alle amptelike skoolgeleenthede gedra word, tensy anders aangedui deur die skool.
- Seuns mag NIE met hulle hande in hul sakke rondloop nie.
- **Geen beanies of keppe mag tydens skoolure gedra word nie.**

3. ALGEMENE SKOOLDRAG

SOMERDRAG: 1 OKTOBER – 30 APRIL

SEUNS

- Blazer (Opsioneel)
- Kortmou wit skoolhemp met wapen of wit hemp met das.
- Grys broek (kort of lank)
- Grys sokkies sonder strepe (Lang sokkies saam met kortbroek)
- Eenvoudige bruin of swart toerygskoene
- Skooltrui (slegs met skoolbaadjie)
- “Pullover” (Opsioneel)

DOGTERS

- Blazer (Opsioneel)
- Kortmou wit hemp met skoolwapen
- Skoolromp (2cm bo die knieg)
- Kort wit sokkies sonder strepe
- Swart skoolskoene
- Skooltrui, slegs met skoolbaadjie
- “Pullover” (Opsioneel)

WINTERDRAG:1 MEI – 30 SEPTEMBER

SEUNS

- Blazer
- Skooldas
- Wit hemp
- Grys langbroek
- Grys sokkies, sonder strepe
- Eenvoudige bruin of swart toerygskoene
- Skooltrui slegs met skoolbaadjie
- “Pullover” (Opsioneel)

- ‘n Amptelike serp mag by wintersdrag gedra word en moet by die klerewinkel (LockeRoom) bestel word.

DOGTERS

- Blazer
- Skooldas
- Wit skoolhemp
- Skoolromp met lang swart kouse of Grys langbroek met grys sokkies
- Skooltrui slegs met skoolbaadjie
- Swart skoolskoene
- “Pullover” (Opsioneel)
- ‘n Amptelike serp mag by wintersdrag gedra word en moet by die klerewinkel(LockeRoom) bestel word.

4. HAARSTYL EN VOORKOMS:

SEUNS

Hare

- Hare moet kort en netjies wees.
- Geen “dreadlocks” mag gedra word nie.
- Kuif mag nie in die oë hang nie.
- Hare moet weg van die ore gesny wees.
- Hare mag nie aan die hempskraag raak nie.
- Geen “undercuts” of “steps” word aanvaar nie.
- Slegs ‘n eenvoudige haarstyl sal toegelaat word.
- Geen kleur van hare nie.
- Moet elke dag skoongeskeer wees.

Juwele

- Geen oorbelle of ander juweliersware nie. Slegs een polshorlosie word toegelaat.
- Geen tongringe, neusringe of tandjuwele word toegelaat nie.
- Tatoeëermerke moet verbloem word.

Naels

- Naels moet kort wees.
- Geen kleur op naels.
- Geen vals naels.

DOGTERS

Hare

- Indien hare lank genoeg is, moet dit vasgemaak word.
- Hare mag nie op die boude hang nie.
- Geen oordrewe haarbykomstighede word toegelaat nie (alle haarbykomstighede moet in die skoolkleure wees).
- Hare mag nie in oë hang nie.
- Rekkies, haarbolletjies of linte moet wit of rooi wees.
- Geen gekleurde hare nie.
- Slegs swart of bruin haarknipples.

Grimering:
Geen grimering of gekleurde naels word toegelaat nie.

Juwele:
- Slegs een polshorlosie word toegelaat
- Oorbelle: Net een klein goue of silwer knoppie / ringetjie word toegelaat.
- Geen tongringe, neusringe of tandjuwele word toegelaat nie.
- Tatoeëermerke moet verbloem word.

Naels
- Moet netjies versorg en nie te lank wees nie.
- Kleurlose naellak is toelaatbaar.
- Geen “nail art” word toegelaat nie.
- Geen vals naels of oogwimpers word toegelaat nie.
- Matriekleerders mag kort netjiese Frans-gemanikuurde naels dra.

5. SPORTDRAG EN TOERUSTING
- Leerders moet die amptelike skoolsportdrag dra tydens sportaktiwiteite en wedstryde.
- Alle spelers moet in hul skoolklere arriveer by die skool (tuis/weg) en na afloop van die wedstryd, weer hul skoolklere aantrek. Indien daar nie kleedkamers beskikbaar is nie, moet spelers hul skoolsweetpak aantrek. (Die afrigter sal dit met die spelers kommunikeer)
- Geen privaatdrag word tydens sportgeleenthede toegelaat nie.
- Sweetpakke kan by die meeste sportbyeenkomste gedra word.
- Alle wedstryde word met die erkende klere gespeel.
- Voorkomsreëls moet nagekom word, soos voorgeskryf in die klerebeleid.

6. INFORMELE DRAG
- Op spesifieke dae kan leerders toegelaat word om informele drag te dra (slegs met skoolhoof se goedkeuring).
- Drag moet netjies, ordentlik en skooltoepaslik wees – geen skeurde jeans, kort rompe / broeke, moulose hemde, of beledigende slagspreuke nie.
- In ruil vir die voorreg om informele drag te dra, betaal die leerders en personeel ‘n minimale fooi.

7. ALGEMEEN

- Onaanvaarbare juwele sal afgeneem word en in die kluis geberg word tot die einde van die betrokke kwartaal.
- Indien die voorkoms nie volgens reëls is nie, word die leerder huis toe gestuur en weer toegelaat indien sy voorkoms volgens regulasies is nie.
- Spelers sal nie toegelaat word om die skool te verteenwoordig, indien sy/haar voorkoms nie korrek is nie.
- Tradisionele / Mediese bykomstighede moet vooraf moet die adjunkhoof gereël word.